

**KERKLIEDERE VIR 'N NUWE GENERASIE –  
'N LITURGIES-HIMNOLOGIESE ONTWERP  
ONDER VOORWAARDE VAN DIE EKUMENE**

**ELIZABETH C KLOPPERS**

voorgelê ter vervulling van 'n deel van die vereistes vir die graad

**DOCTOR MUSICAE**

in die Departement Musiek  
Skool van die Kunste  
Fakulteit Geesteswetenskappe

aan die

Universiteit van Pretoria

PRETORIA

Studieleier: Prof C Walton

2005

# DANKWOORD

aan Chris Walton my studieleier

in die besonder Wian  
dié engel in my lewe

en almal op die aarde en in die hemel  
met wie ons deur die lied deel vorm  
van die  
ecclesia oecumenica et communio sanctorum

Singen heißt: sich in ein größeres Ganzes einfügen,  
mit Anderen einstimmen und dabei Worte verwenden,  
die man allein niemals verwirklichen kann,  
an die man sich nur gemeinsam mit Anderen heranwagt.

Huub Oosterhuis.

*Du bist der Atem meiner Lieder* 1976

# KERKLIEDERE VIR 'N NUWE GENERASIE – 'N LITURGIES- HIMNOLOGIESE ONTWERP ONDER VOORWAARDE VAN DIE EKUMENE

**Dr Elsabé Kloppers**

Die kerklied word deur die tradisie gedra en van generasie tot generasie, van land tot land, en van kerk tot kerk, oorgelewer. In elke tyd in die geskiedenis behoort daar kerkliedere te wees wat nuut is vir daardie tyd en generasie – liedere wat die tydlose boodskap op 'n nuwe en kreatiewe wyse kan verklank. Die historiese, sowel as ekumeniese band is dus onontbeerlik vir die liturgie en die musiek van die kerk.

Die werk en doelstellings van die ekumenies-liturgiese bewegings van die twintigste eeu, en die invloed van hierdie bewegings op die kerklied, word ondersoek. Die uitgangspunte en doelstellings van dié bewegings dien as maatstaf in die beoordeling van nuwe liedere en ekumeniese vorme. Om die funksionaliteit van nuwe kerkliedere te bepaal, word 'n teoretiese begroning van die verskillende funksies van die kerklied gegee.

Vernuwing in die vorm van eietydse liedmateriaal, nuwe style en ekumenies-liturgiese vorms word in die *Liedboek van die Kerk*, die amptelike nuwe liedboek in Afrikaans (2001), gereflekteer. Die inhoud van die Liedboek, sowel as die proses van samestelling, word bespreek. Die omdigting van die psalms, fundamentalistiese uitgangspunte, strukture van dominansie, die weerstand teen transformasie, en kanoniseringsprosesse, word ook krities ondersoek.

Deur middel van omvattende dokumentering, motivering en verslag, word ongeveer sestig nuwe liedere en vorme in die *Liedboek* nagevors met betrekking tot teks, musiek, historiese agtergrond en resepsiegeskiedenis; verband tussen teks en musiek; aspekte van vertaling en die liturgiese funksie. Dr Elsabé Kloppers het 'n omvattende bydrae gelewer in die ontsluiting van nuwe liedere en liturgiese vorme uit die internasionale, ekumeniese liedskat. Hierdie liedere en vorme word in dié studie ondersoek en in die breër ekumeniese verband geplaas. Die funksionaliteit van die liedere en vorme, sowel as die himnologiese, liturgiese, kontekstuele en ekumeniese betekenis, word in terme van die teoretiese begroning in die voorafgaande hoofstukke bespreek.

Die gevolgtrekking waartoe gekom word is dat die voortgang van die kerklied bepaal word deur die wyse waarop teologiese, liturgiese, himnologiese, ekumeniese en antropologiese spanningvelde hanteer word. Balans moet gevind word tussen funksionaliteit, etiek, en estetika; tussen historiese getrouheid en eietydse gestaltegewing; kwaliteit en populariteit; ortodokse geloofsuitsprake en poëties-simboliese grensoorskreiding; tradisie en kreatiwiteit; christelike/konfessionele identiteit en algemene religiositeit; die individu en die gemeenskap; die individuele kerk en die wêreldwye kerk.

'n Ekumeniese inslag is onontbeerlik vir die liedere van 'n nuwe generasie. Die tradisie en geskiedenis, sowel as die eietydse kerk behoort prosesse te bepaal. Kerke en gemeentes mag eie aksente lê, waardeur die eie identiteit gevorm en uitgebou word, maar die kerklied in die breër ekumeniese verband behoort doelbewus bevorder en uitgebou te word. Deur die ekumeniese erfenis oor te lewer, maar ook deur ekumeniese samewerking aan nuwe liedere en vorme, kan die één geloof in baie tale verklank word, en só die hoorbare teken wees van die *una sancta ecclesia*.

### **Sleutel terme**

kerklied

gesang

psalms

liedboeke

gesangboeke

himplologie

himplodie

musiek

teks

ekumene

erediens

liturgie

liturgiese vorme

liturgiewetenskap

funksie

koinonia

kanoniseringsprosesse

resepsiegeskiedenis

*Liedboek van die Kerk* (2001)

## **Hymns and Songs for a New Generation – A Liturgical-Hymnological and Ecumenical Design**

**Dr Elsabé Kloppers**

Hymns are handed down from generation to generation, from country to country, and from church to church. In every time in history, hymns and songs are needed that are new for that time and generation – hymns through which the timeless message can be voiced in a new and unique way. The historical binding, as well as the ecumenical tie, are thus indispensable features for the church, her liturgy and her music. In the processes of creating new hymns and liturgical forms, the *una sancta ecclesia* always needs to be in focus.

In this study the ecumenical and liturgical movements of the twentieth century, their goals, and the influence they exerted on liturgical renewal and hymn singing, are investigated. The ecumenical meaning of new hymns and liturgical forms is evaluated in terms of these goals. To determine the functionality of new hymns, a theoretical grounding for the various functions of hymns is given.

Renewal in the form of contemporary material, new styles and ecumenical-liturgical forms is reflected in the *Liedboek van die Kerk* (2001), the new hymnal for the Afrikaans-speaking churches. The hymnal is discussed with regard to the content, and the processes of compilation. The versification of the psalms, fundamentalist views, and the resistance to transformation in the processes of canonization, also comes under scrutiny.

Documentation, motivation and report of about sixty new hymns and liturgical forms in the *Liedboek van die Kerk* (2001) are given. Hymns, songs and liturgical forms are researched from hymnological perspectives, by relevant musical and textual analysis, and by exploring their origin, history, working history, and liturgical function. The functionality of the hymns is assessed, and their hymnological, liturgical, contextual and ecumenical significance determined, with regard to the theoretical grounding in the preceding chapters.

The conclusion is that ecumenicity is a *sine qua non* for the hymns and songs of a new generation. History and tradition, but also the contemporary church as a whole, should co-determine processes. The future of liturgical singing depends on the way in which theological, liturgical, hymnological, ecumenical and anthropological fields of tension could

be kept in balance.

Balance thus needs to be found between functionality, ethics, and aesthetics; between tradition and creativity; historical fidelity and contemporary embodiment; individualism and community; between the individual church and ecumenism; quality and popularity; between Christian/confessional identity, and general religiosity; between orthodox expressions of faith, and the poetical-symbolical shifting of boundaries.

Boundaries are exceeded through the singing of hymns – boundaries of language, of confession, of time and space, and boundaries between individuals and groups. Liturgical singing can be the singing of believers of all times and all places only by preserving the *traditional ecumenical heritage* on the one hand, and on the other hand, through *ecumenical cooperation* when creating new hymns and forms – thus the one faith in many languages, the audible sign of the *una sancta ecclesia*.

### **Key terms**

hymns

hymnology

hymnody

hymnals

function of hymns

religious songs

music

texts

ecumenics

church service

worship service

liturgy

liturgical renewal

liturgical studies

liturgical function

koinonia

processes of canonisation

*Liedboek van die Kerk* (2001)

## **INHOUDSOPGAWE**

<b>HOOFSTUK 1</b>	<b>NAVORSINGSONTWERP</b>	<b>1</b>
<b>HOOFSTUK 2</b>	<b>WÊRELDWYE LITURGIES-EKUMENIESE VERNUWING: DIE INVLOED OP DIE KERKLIED</b>	<b>8</b>
<b>HOOFSTUK 3</b>	<b>DIE FUNKSIES VAN DIE KERKLIED</b>	<b>19</b>
<b>3.1</b>	<b>DIE LITURGIESE FUNKSIE VAN DIE KERKLIED</b>	<b>21</b>
<b>3.2</b>	<b>DIE VERKONDIGINGSFUNKSIE VAN DIE KERKLIED</b>	<b>35</b>
<b>3.3</b>	<b>DIE PASTORALE FUNKSIE VAN DIE KERKLIED</b>	<b>46</b>
<b>3.4</b>	<b>DIE KATEGETIESE FUNKSIE VAN DIE KERKLIED</b>	<b>53</b>
<b>3.5</b>	<b>DIE GEMEENTEBOUFUNKSIE VAN DIE KERKLIED</b>	<b>59</b>
<b>HOOFSTUK 4</b>	<b>DIE LIEDBOEK VAN DIE KERK (2001)</b>	<b>68</b>
<b>HOOFSTUK 5</b>	<b>PSALMOMDIGTING EN PROSESSE VAN KANONVORMING</b>	<b>76</b>
<b>HOOFSTUK 6</b>	<b>NUWE LIEDERE EN VORME IN DIE LIEDBOEK VAN DIE KERK 'N LITURGIES-HIMNOLOGIESE ONDERSOEK EN MOTIVERING</b>	<b>89</b>
<b>HOOFSTUK 7</b>	<b>KERKLIEDERE VIR 'N NUWE GENERASIE: SAMEVATTING</b>	<b>203</b>
<b>HOOFSTUK 8</b>	<b>BIBLIOGRAFIE</b>	<b>218</b>
	<b>LYS VAN AFKORTINGS</b>	<b>235</b>